

# BYBEL 'N VERLEENTHEID VIR NG KERK

*"Nelus, jy het 'n boek geskryf waarin jy gedroom het van gemeentes wat in pas is met 'n wêreld waarin daar 'n weersin teen die waarheid is, 'n "ruim kerk" waar ons nie met mekaar rusie maak oor geloofsverskille nie."*

**TERWYL DIE BLANKES ONDER MEKAAR BAKLEI...**

**AS DIE BLANKE SY SOTHEID OPENBAAR**

**DALK DIE NAGAANVAL?**

**EN MEER...**

# DIE VAANDELDRAER





## INDEX

---

AS DIE BLANKE SY SOTHEID OPENBAAR	5
BYBEL 'N VERLEENTHEID VIR NG KERK	5
MY SWART RIDDER	7
DALK DIE NAGAANVAL?	8
FRANZ JOOSTE	10
KRYGSWET DALK ONS VOORLAND	11
TERWYL DIE BLANKES ONDER MEKAAR BAKLEI...	12
DIE VERRADDERLIKE KAAPKOLONIE	13
ZIM DEUR BEURTKRAG GETEISTER	14
KOOS DU PLESSIS SE GETUIENIS	15
'N STEM TEEN ABORSIE	17
GENIALE VERRAAD OF POLITIEKE SKELMS	17
VERWOERD SE MENING OOR DIE SWARTES	20

Posbus 316, Ladismith, 6655 | Tel: 028 551 2516 | Faks: 086-270 6347

Navrae: [info@vaandel.co.za](mailto:info@vaandel.co.za)



## VAN DIE REDAKTEUR

---

Die ANC teiken nog steeds die Suid-Afrika Pensioen- en Aftredefonds deur voorgeskrewe bates te forseer.

Geen belegging is meer veilig nie. Die ANC tessorier-generaal, Paul Mashatile, het glo gesê dat die ANC maniere ondersoek om voorgeskrewe bates in te bring op die fondse van finansiële organisasies om die beleggings vry te stel vir gebruik in sosiale en ekonomiese ontwikkeling. Dit beteken dat beide die Regering Werkers Pensioenfonds (GEPF), asook privaat pensioenfondse geforseer sal word om hulle beleggings en pensioene beskikbaar te maak as kapitaal vir bankrot staatsmaatskappye (state owned) soos ESKOM, SAA, ens. Hierdie taktiek was gebruik in die tyd van apartheid toe die regering nie internasionale beleggings kon trek nie. Destyds was daar egter verantwoordelike mense aan die stuur van sake.

Die nuutste transaksie wat onder verdenking is, is die een met Iqbal Survé, duidelik 'n baster, HUB van die **Independent Media Group**. Hy beplan 'n nuwe media groep, Sagarmatha Technologies wat hoofsaaklik aan sy familietrust behoort. Volgens Anton Alberts, 'n MP van die *Vryheidsfront Plus*, is die staatspensioenfonds reeds geïmpliseer in Iqbal Survé se finansies.

“Deur die Openbare Beleggingskorporasie wat die pensioenfonds bestuur, besit GEPF alreeds 'n 25% aandeel in Independent Media,” het Alberts in 'n verklaring gesê. “Volgens media verslae in *Business Day*, bevind *Independent Media* hulleself in 'n finansiële krisis en hoop dat die verkoop van aandele van Sagarmatha Technologies *Independent Media* sal red. Sagarmatha Technologies is maar eers baie onlangs op die JSE genoteer. Dit lyk asof die plan is om *Independent Media* te inkorporeer in Sagarma-

tha Technologies sodat die nuwe maatskappy die sinkende een kan red.”

*Independent Media* is een van die hoofstroom media maatskappye wat *The Star* en *Cape Argus* koerante beheer, asook die *Independent Online* (IOL) webtuiste. Hulle plaas gedurig anti-blanke tirades deur swart rubriekskrywers asook anti-Afrikaner propaganda deur “Janet Smith” wat voorgee dat sy ‘n Britse joernalis is.

Advokaat Alberts is van mening dat daar ‘n probleem is met die notering van Sagarmatha Technologies omdat, volgens verslae, die maatskappy tegnies insolvent is. Hulle moet eers private befondsing kry alvorens dit kan voldoen aan die Finansiële Mark Wet vereistes. Die maatskappy het R500 miljoen nodig en die kans is goed dat die Pensioenfonds weer genader gaan word om te belê in nog ‘n mislukking van Iqbal Survé.



Dis om hierdie rede dat die Volksfront Plus ‘n brief geskryf het aan mnr. Deon Botha, hoof van Korporatiewe Sake by die Pensioenfonds en navraag gedoen oor die gerugte. Daar is in die brief gevra of die Pensioenfonds wel die aandele gaan koop. Maar geen antwoord is ontvang nie.

Die Volksfront Plus sal, indien die pensioenfonds beplan om die aandele te koop, al die GEPF pensioenarisse aanbeveel om ‘n interdik teen die transaksie te bekom.

Na die plundering wat reeds plaasgevind het, is die Fonds nou nog slegs R1.87 triljoen waar dit begin het by R4 triljoen.

Biljoene rand stroom uit die Pensioenfonds. Dit het ‘n enorme belegging gehad in Steinhoff en daar word bespiegel dat Pensioenfonds tot soveel as R12 biljoen verlies met hierdie belegging gely het.

En dan is daar die Lonmin kwessie. In 2015 het die Pensioenfonds Lonmin van ondergang gered deur 25% verdere aandele aan te koop vir R1.9 biljoen bo en behalwe dié wat hy reeds gehad het.

Dis belangrik om te weet dat die aandele gekoop was nadat Lonmin aandeelpryse die vorige jaar met 80% geval het van R35 per aandeel tot 3% per aandeel. In markwaarde was dit ‘n val van R29 biljoen tot R3.5 biljoen in ‘n enkele jaar.

In 2014 het die Pensioenfonds R3 biljoen belê in ‘n oliemaatskappy, Camac Energy, wat basies bankrot was. ‘n Amerikaner van Nigeriese afkoms en ‘n kennis van Jacob Zuma, was hoof van die maatskappy. Dis nie bekend of die maatskappy nog bestaan nie.

Die idee met ‘n pensioenfonds is dat die geld wat inkom op verantwoordelike wyse belê word sodat daar nie aan die kapitaal geraak word nie.



Wat nou egter gebeur, is wat twintig jaar gelede van die swart regering gesê is: “Hulle sal die gans wat die goue eiers lê, nog feestelik verslind.”

Vyf en twintig jaar van korrupsie en wanbestuur deur die ANC het veroorsaak dat die staatsfondse opdroog en beleggers soos die VSA, Brittanje, Duitsland, Switserland en Nederland is nie langer daarin geïnteresseerd om ‘n sinkende skip te probeer red nie.

‘n Uitspraak dat die swaarverdiende spaargeld van pensioenarisse oorhandig moet word aan mislukte swart maatskappye, sal nie Suid-Afrika se finansiële probleem oplos nie, maar net meer geleentheid vir korrupsie skep.

## AS DIE BLANKE SY SOTHEID OPENBAAR

‘n Meeloper, verraaiër, joiner en sikofant, ene Carl de Wet, spog soos volg op Facebook oor sy gawe, getroue, geleerde en hardwerkende swart kamerade met wie hy lekker saam braaivleis hou, saam die Boere uitlag en mekaar vertel hoe hulle daardie einste Boere gaan afmaai. Sy taalgebruik is net so gebrekkig soos sy insig oor wat rondom hom en in die land aan die gang is.

En wat die stomme kêrel nie beseft nie, is dat sy swart boesemvriende hoegenaamd geen respek vir hom het nie. Hulle verag eintlik sy kruiperige, witoetjiesoekerigheid. Want die dag as hulle tot “aksie” oorgaan, sit hy met dieselfde diskwalifikasie as die “Boer” wat hy nou so bespot, verag en op neersien, nl. ‘n “wit vel”. Sowaar as wat ek leef, hy sal nog verlang na die Goeie Ou Dae!

Hier is sy gebrabbel:

“Die probleem is dat die Liberale Afrikaner wat die Swart Man Aanvaar en hom as Mens Sien, is BAIE Meer is as die Boere met Bakkies & Bier wat ‘Oorlog wil Maak’ – LOL Ons Dra die Ekonomie saam met die Hardwerkende en Geleerde Swart Man, terwyl julle sit en Droom oor die Goeie Ou Dae...

“Ek Wens die ‘Oorlog’ wil begin want Hulle sal die Boer Skiet waar hy Staar en die Liberale Afrikaner sal Daaroor Lag om die Braai saam met sy Vriende (wit en Swart).

“Die Waarheid is Ons Skaam ons vir die Boer en waarvoor hy Staar en Identifiseer glad nie met hom of sy Geneidheid nie.”

As mens nie vantevore verstaan het waarom God die aarde met vuur gaan laat vergaan nie, behoort ‘n mens dit nou te verstaan. Dis nie net die mense wat verbaster wat nie meer welkom op aarde sal wees nie, maar ook die mense wat staan vir dieselfde geslag verhoudings, mense wat God se Woord en Hom tot leuenaar maak, wat die spot dryf met die Almagtige, maar ook die mense wat geen liefde vir hulle eie soort openbaar nie.

Die probleem is dat ons eers aan die einde van die verwoesting om ons sal kan kyk wie oorgebly het.

## BYBEL ‘N VERLEENTHEID VIR NG KERK

Ds. Jan Louw van Reitz, skryf: Dr. Nelus Niemandt sê verlede week vir *Rapport* se verslaggewer dat die redes waarom die Moreletapark-gemeente die NG Kerk wil verlaat, toegeskryf moet word aan ‘n tendens van die Afrikaner om laer te trek omdat ons glo bedreig voel.

Bog, Nelus! Ek moet jou herinner aan jou bydraes tot die toestand waarin die NG Kerk nou verval het: Toe jy moderator was, het jy vóór die berugte 2015-sinode aan koerante gesê: “My hoop is dat die lesbiese, gay, biseksuele en transseksuele (oriëntasie) genormaliseer sal word (binne die kerk).”

Toe die NG Kerk in 2011 besluit het dat ons ruimte maak vir lidmate wat nie in die duiwel glo nie, het jy die besluit as moderator verdedig.

Jy het ‘n boek geskryf waarin jy gedroom het van gemeentes wat in pas is met die postmoderne wêreld — ‘n wêreld waarin daar onder meer ‘n weersin teen dogma en waarheid is, ‘n “ruim kerk” waar ons nie met mekaar rusie maak oor geloofsverskille nie.

Jy gee voor, Nelus, dat jy hierdie liberale denke in die Bybel kry en jy dink dat volwasse Christene dit alles vir soetkoek opeet. Jou opvolger, Nelis Janse van Rensburg, bou lustig voort op die fundamente wat jy gelê het. Hy was opgewonde om die eerste gay leraar in die NG Kerk te verwelkom. Hy sou ook die eerste moderator van die NG Kerk geword het wat aan ‘n gebedsbyeenkoms in ‘n moskee deelgeneem het, as mense hom nie daarteen gewaarsku het nie (lidmate het ook gedreig om die NGK te verlaat).

Ek kan die moderator verseker daar is baie meer lidmate van die NG Kerk wat diep ontsteld is oor die dinge wat in ons kerk aan die gang is en lankal nie meer deel van die onheiligheid wil wees nie.

By ‘n ander geleentheid skryf Ds. Louw oor die LGBT-debat (lesbiese, gay, biseksueel, transgender-debat): Die Bybel word vir alle praktiese doeleindes eenkant toe geskuif as daar gepraat word oor die LGBT kwesie en die hulp van die sielkunde word nou ingeroep om ‘n pad vorentoe te vind.

Ek kan baie voorbeelde noem, maar ek wil net vertel van my ervaring by die Sinode van die Vrystaat van



*Ds. Jan Louw*

2017 by Bothaville. Die hele land en die kerk was nog in beroering na die opponerende besluite van 2015 en 2016. Eers het die kerk besluit gay huwelike is in en ‘n jaar later by ‘n buitengewone Sinode is weer besluit gay huwelike is uit. Teen hierdie agtergrond het die Sinode van die Vrystaat in 2017 vergader.

Die Moderamen van die Vrystaat het dit goedgevind om dr Fanie Cronjé van Pretoria te kry om met die Sinode te praat oor die onderwerp: Hoe lees ek die Bybel?

Cronjé het in sy aanbieding woorde oor die Bybel gebruik soos “dis ‘n versameling antieke dokumente ... nog nooit duidelikheid oor die gesag van die Bybel nie ... relativisme ... voorveronderstellings ... afstand tussen ons en die Bybel se mense ... ens.

Die onsekerheid oor die Bybel waarvan ons hier hoor, is dalk die rede waarom die Bybel nooit by die Sinode oopgemaak is om te vra na die wil van die



Here, toe daar oor LGBT gepraat is nie. Dalk voel die kerk dat die Bybel nie meer bruikbaar is vir die moeilike etiese vraagstukke van die tyd nie.

Na die opspraakwekkende 2015 Sinode het Nelis Janse van Rensburg en Dirkie van die Spuy 'n pastorale brief aan die kerk uitgereik met die woorde: "Met oop Bybels en biddende harte het ons as gelowiges saam na die wil van die Here gesoek".

Moet daar niks van glo nie! Die Bybel is wel oopgemaak, maar by die boek Rut! Rut vertel glo vir ons van "deernis en omgee vir mense, mense wat vir watter rede ook al, deur die kerk uitgestoot word". Hulle noem hierdie lukrake manier van omgaan met die Bybel "geloofsonderskeiding".

Die plekke waar Moses en die apostels pertinent oor homoseksuele gedrag praat, word goed weggehou by kerklike vergaderings. Prof. Julie Claasens van Stellenbosch noem daardie gedeeltes van die Bybel "shooter texts", wat "gays en lesbiers se diepste wese bedreig".

So het die sinodegangers ook in 2017 by Bothaville uitmekaar gegaan sonder om ooit te luister na die Woord van die Here. Hulle het besluit om nogmaals 'n taakspan saam te stel om oor die gay-kwessie te besin. Die taakspan se doel moes wees om "wye gesprek in die kerk" te bevorder "oor ons verstaan van God, mensbeskouing en verhoudinge, waarin daar veral ook gefokus word op seksualiteit en selfdegeslagverhoudings". Ander terminologie in die besluit was: "skep van waardes ... veilige ruimtes .... waarbinne ons na die Woord, mekaar en ander kan luister ..... kundiges op ander terreine as die teologie".

Die NG Kerk sal aan die Here verantwoording moet doen vir hierdie minagting van sy Woord. Die Bybel is naas Christus, God se grootste geskenk aan die wêreld. Israel se Boek het bekend gestaan as die

Wet en die Profete. Jesus het voortdurend die Wet en die Profete gebruik om vir die mense te leer wat God se wil is.

God praat nog al die eeue met die wêreld deur hierdie Boek. In hierdie Boek maak God aan die mensdom bekend, wie Hý is, wie óns is, wáár ons vandaan kom en baie belangrik wat sy wil vir ons is.

God het 'n wil. Hy het, met respek gesê, 'n opinie oor sake, oor wat reg en wat verkeerd is, oor die manier waarop ons moet lewe en nie moet lewe nie. Hy het die laaste sê oor dinge. Wie hom nie aan God steur nie, sal aan God verantwoording doen oor sy optrede.

Sonder die Woord van God is ons almal uitgelewer aan die opinies van die wêreld – die wêreld wat Jesus, 'n owerspelige en sondige geslag noem (Mark 8:38). Die NG Kerk en sy leiers is besig om al verder verdwaal te raak in die wêreld se LGBT opinies. Nelis Janse van Rensburg, die moderator, gee 'n voorbeeld van sy eie onsekerhede oor die Woord van die Here, as hy in die Kerkbode vra dat die kerk "vashou aan Christus en aan die Skrif én aan diensbaarheid aan die gemarginaliseerdes van die samelewing".

## MY SWART RIDDER

Ek was 19. Vars uit die Afrikaans Hoër Meisieskool, met 'n monochrome

Perspektief van ras en klas en eintlik maar alles wat hier onder die Afrikason aangaan.

Daar kom hy toe: My donker ridder in 'n wit taxi uit sy huis van sinkplaat. Sy las is swaar. Generasies se pyn en diskriminasie. Ek wou net sy las ligter maak, maar toe ek weer sien, staan ek met die helfte van die gewig in my (ligter as sy) hande.



Die wêreld wil en sal vir jou vertel hoe kulture en rasse verskil, maar ek wil vir jou sê ons is baie meer dieselfde as wat ons verskil. Ons almal smag na Liefde en gemeenskap. Ons almal wil aanvaar word en vry wees. Ons is almal net mens. Ek het lief geraak vir sy menswees. Daar is bittermin mense wat my so goed verstaan het soos hy.

Daar is bittermin mense wat my al soveel geleer het. Saggies het hy aan my hart gevat en my siel gestreel en voordat ek my kon kry, was donkerbruin my gunsteling-kleur. Dis nie asof ek blind is vir verskillende rasse nie, dit pla my net nie. En nee, ek het nooit gedink "as hy maar net wit was nie" want ek het hom liefgehad, alles wat hy is.

En anders as wat mense sou wou glo, is ek tot wit, bruin en swart mans aangetrokke.

Afrikaner, hoekom is jy so blind? Hoekom regverdig jy steeds jou rassisme met 'n enkele Levitikus-vers wat jy uit konteks ruk?

Waar kom die laste vandaan en waarom moet ons dit dra? Wie het besluit dat swart en wit nie 'n goeie mengsel is nie? Wat dan van Oreos, sebras, en donker ink op spierwit papier?

Ek verstaan dat jy dalk nie my storie verder wil lees nie, omdat my ridder volgens jou prentjie van wat sosiaal aanvaarbaar is, nie die regte skakering is nie.

Wees nie bevrees nie. Jou koekiedrukker het gewen en my (in hom) in skerwe gelos.

My donker ridder, my swart held, het in sy taxi geklim en weggery. Hy het sy laste by my gelos en nou sit ek met trane in my oë en vra hoe dit regverdig is? Jy wat my of hom nie ken nie, het besluit dit is ou reg om af te breek wat jy nie verstaan nie.

Ek was ook eers skepties. Ek het nie gedink my familie sou dit kan aanvaar dat ek verlief is op 'n Xhosa-

man van Masiphumelele nie. Ek was reg, die meeste van hulle het nie, maar ek het opnuut besef dat ek net verantwoordelikheid vir my eie besluite kan en moet neem. Of ek nou as "volksverraaier" gebrandmerk word of nie.

Ek skryf nie die stuk om jou te ontstel nie, maar om 'n nuwe perspektief oor verhoudings tussen swart en wit te wys.

Ek hoop jy kan opnuut na "gemengde paartjies" kyk en jou meerderwaardigheid afgooi. Ek hoop jy sien die mooi raak van diversiteit en vergeet van die gedagte dat daar die een of ander agenda is om 'n massa-ras te vorm wat die wêreld gaan oorneem.

Ek wil hê jy moet weet ek is nie skaam vir my ras, kultuur of taal nie. Ek wil hê jy moet besef dat ek nooit in 'n verhouding sal wees met iemand net om iets te bewys of uit wraak teen jou nie. In teendeel, dit gaan nie oor jou of julle nie. En dit is die hele punt...

(Lorinda Pretorius (20) studeer BA Sielkunde aan die Universiteit van Johannesburg. Sy het in Naboomspruit, Carolina en Pretoria groot geword).

Naskrif: kommentaar is oorbodig. Sy sal eers verstaan wanneer sy alleen, sonder regshulp en vriende, voor God staan en Hy haar stuur na waar sy nié wil wees nie.

## DALK DIE NAGAANVAL?

EFF-leier Julius Malema het op 2 Mei in Alexandra gesê hy sal deel wees van die swart elite wat in Sandton woon waarteen die mense van Alexandra binnekort gaan opstaan as die ongelykheid tussen die twee plekke voortduur.

"Hoe slaap witmense in Sandton wanneer hulle hulle bure so sien? Watter soort liefde beoefen jy, want





*Alexandra-township met Sandton in die agtergrond*

as dit liefde vir die Bybel is, sê die Bybel jy moet jou naaste liefhê. Wat het jy vir jou buurman hier in Alexandra gedoen? Ons bly die regering blameer, ja, laat ons dit doen, maar ons bure, wat doen hulle om die lewens van hul bure te verander? Sit hulle geld opsy en sê hierdie geld sal in Alexandra spandeer word? Hulle doen niks nie. Hulle bly agter hoë mure. Weet julle hoekom? Hulle is bang vir ons en hulle het rede om bang te wees vir ons omdat hulle weet dat hulle alleen eet. As jy weet dat jy alleen eet, vertel jou onderbewussyn jou dat jy iets verkeerd doen

en jy dink: 'Ek sal hoë mure bou voordat hulle op my toesak.'

“Maar laat ons die wittes waarsku, Sandton met sy hoë mure of nie, die dag sal kom wanneer Alexandra sê genoeg is genoeg, laat ons gaan en die kos met die mense van Sandton deel, met die mense wat in die voorstede bly. En die dag wanneer jy daardie besluit neem, sal ekself ook nie veilig wees nie, want jy gaan my daar in Sandton vind. En as ek my mond probeer oopmaak, sal jy vir my en die swart elite sê: “Bly stil! Jy het ons uitverkoop. Jy het by hulle gebly, hier het jy van ons vergeet. Maar daardie dag kan vermy word. Laat ons nou begin om dit wat ons het met die mense van Alexandra, te deel, as jy hulle nie in wil hê nie, gee hulle dan wat jy in Sandton het.”

“Dit situasie in Alexandra versleg vinniger by die minuut,” was die gemeenskapsleier se bevinding nadat die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie en lede van die Kantoor van die Openbare Beskermer op 'n inspeksietoer deur Alexandra gegaan het.

Die swartes, soos meeste mense weet, is nie ons naaste soos wat Malema beweer nie. Hulle is 'n straf vir die blankes wat nie wil luister na God se Woord nie en wat agter vreemde vlees aanloop. Die mense van Sandton is nie soseer bang vir die swart bure nie, hulle bou hoë mure om hulle eiendom omdat swartes rowers en diewe is. Nie dat dit my sal pla as hulle op Sandton toesak nie. Allermens, want die mense in daardie gebied is liberaliste, Jode, en buitelanders, almal verkragters van wat “reg” is.

En, ja, hulle sal seer sekerlik in die nag aanval, want dis hoe hulle werk.

## FRANZ JOOSTE

---

Daar was onlangs 'n berig op die Internet dat kol. Franz Jooste van die Kommandokorps Siener se 'man in bruin' is, omdat hy oor 'n reeks hoedanighe- de, karaktertrekke en belewenisse beskik wat hom daarvoor laat kwalifiseer. Ek noem hier net 'n paar daarvan:

As 7-jarige skoolseun het hy al die lande in die wêreld se vlae geken.

As Graad 1 skoolseun, ontvang hy gedurende Re- publiekwording in 1961, 'n oranje-blanje-blou Unievlaggie van sy pa wat skoolhoof van 'n plaaslike laerskooltjie tussen Delareyville en Lichtenburg was. Hierdie vlaggie het 'n groot invloed in sy Vaderland- sliefde gehad en hy besit dit vandag nog.

In Oktober 1964 het hy as 10-jarige skoolseun, Dr. Verwoerd se toespraak by De Wildt bygewoon. Hy was in besonder beïndruk deur die geesdrif van die mense tydens hierdie geleentheid. Op hierdie sta- dium het hy alreeds Dr. Verwoerd se hele kabinet geken.

In 1966 is oupa Frank Jooste, 18 dae na Dr. Verwo- erd oorlede, nadat hy 'n hartaanval gekry het by die aanhoor van die moord op Dr. Verwoerd. Hierdie twee sterftes kort na mekaar het hom geweldig ge- tref en hy het vervolgens baie patrioties geword...

To sover kol. Jooste se kwalifiserende suksesse.

Maar nou is dit ongelukkig so dat die Vader nie die 'man in bruin' uitkies eers nadat al sy goeie hoeda- nighede en prestasies aan Hom voorgelê is nie. Hy het nog nooit daarvoor gevra nie. Groot prestasies, helde dade, eerbetoon, gewildheid en roem is nie op sy lys van kwalifikasies nie.



*Kol. Franz Jooste*

Moses was 'n stotteraar en veewagter. Op sy beurt was Dawid ook 'n onbeduidende, versmade skaap- wagttertjie. Gideon se geslag was die swakste in Ma- nasse, en hyself die geringste in sy familie. Saggeüs was klein van persoon. En ons eie profeet, Siener van Rensburg, was ook 'n skaapwagttertjie met geen boekgeleerdheid nie – hy kon nie eens skryf nie!

Maar hulle almal het één ding in gemeen gehad: hul hartklop was in harmonie met die raadslae van Va- der se hart en voornemens.

Kol. Jooste wou in 2018 op 1 September 'n saamtrek by Bokkraal naby Lichtenburg hou wat 'n vervulling sou wees van Siener se gesig van 'n byeenkoms op 'n koppie naby Lichtenburg waartydens die 'man in bruin' geopenbaar sou word.



Ek wil nie oordeel nie, maar kol. Jooste se saamtrek het vir my baie ooreenkomste met dié wat Angus Buchan oor die jare gereël het. Daar het hy talle voorspellings gemaak wat nooit gerealiseer het nie. Soos bv. sy voorspelling in September 2017 dat al die damme in die Wes-Kaap teen Maart vanjaar vol sal wees.

Volgens die jongste inligting is die damvlakke nou nóg laer. Maar die media beskerm hulle man. En dit sal beslis nie die geval met kol. Jooste wees nie. Hulle gaan hom bespot en belaglik maak, en ons vertrapte, miskende volk gaan opnuut seer kry.

Uit Siener se visioene is dit duidelik dat die 'Lichtenburg-byeenkoms' eers sal plaasvind nadat daar weer 'n Mofskaap- (Doringbos)regering in die parlement sit. Alles in aanmerking geneem, kon dit nie op kol. Jooste se saamtrek plaasvind nie, want sodra die man in bruin hulle toegesprek het, vertrek hulle na Prieska om daar die wapens by die Duitse magte te gaan haal. Ons is ongelukkig nog nie naastenby by daardie punt nie. Niemand sal ook vooraf weet wíe die man in bruin is nie. Hy word onder 'n seiltjie verberg totdat die tyd ryp is. Hy sal ook nog redelik jonk wees (in sy veertigs). Kol. Jooste word 65.

Ook het Israel van ouds glad nie van Moses óf Gideon geweet voordat hulle geroep is om op te tree nie. Hulle is in die verborgenheid vir hul taak voorberei.

Kol. Jooste het hom ook 'n tyd gelede laat insweer as die nuwe president van die nuwe Republiek onder die boere-regering. Maar een ding is seker – God laat Hom nie voorskryf nie. Die kansse dat Kol. Jooste in die leierstoel van die Boervolk eendag sal sit, is baie, baie skraal.

Tog het ons innige simpatie en begrip vir kol Jooste en sy vriende wat hom die 'man in bruin' se mantel wil omhang, want net soos ons is hulle ook angstig dat dinge moet gebeur, verander, verlang hulle daarna dat die gety moet draai en daar 'n godsman

sal opstaan om vir ons in die bres te tree – die volk gaan op die oomblik deur 'n smeltkroes van groot ellende, smart en lyding. Maar die tyd is nog nie aanstaande nie.

Wanneer die volk by Lichtenburg bymekaarkom, is hulle opstandig of ontsteld, want hierdie nuwe leier, wat dan vir die eerste keer sy verskyning sal maak, sal daar opstaan en hulle tot bedaring bring voordat hulle Prieska toe vertrek.

'n Profesie van God het sy tyd en ons kan dit nie verhaas nie.

## KRYGSWET DALK ONS VOOR- LAND

Die konsepvoorstel van die SA Nasionale Weermag (SANW) wat begin verlede jaar uitgeleek is vir die afkondiging van 'n noodtoestand/krygswet in Suid-Afrika, is in die weke vóór die 2019-algemene verkiesing gefinaliseer om gereed te wees sou daar tydens of na afloop van die verkiesing grootskaalse moeilikheid, ontwinging en selfs chaos uitbreek.

Met die verkiesing het alles vreedsaam verloop, maar die besluit en gepaardgaande dokument is steeds op die tafel.

In die dokument word voorsiening gemaak vir wydlopende magte deur 'n sg. "beheerbeampte" om o.a. die verspreiding van inligting te beperk en inhegtenisname sonder 'n lasbrief te beveel.

Dit hou verband met Cyril Ramaphosa se voorneme om na die verkiesing radikale veranderinge aan te bring. Eerstens wil hy al Zuma-gesinde kabinet-slede met sy eie ondersteuners vervang; tweedens, beoog hy om die werkerskorps in alle staatsinstellings drasties in te kort; derdens, verkeer Eskom in

‘n krisis en wil hy dit in drie afsonderlike eenhede verdeel; en vierdens gaan hy daadwerklik begin om blanke boere se grond te konfiskeer.

Elkeen van hierdie stappe het die potensiaal om ongekende geweld en weerstand uit te lok. Zuma se hele Zoeloemag is gereed om in opstand te kom, sou hulle uitgerangeer word. Terwyl die besnoeiing van werkers in staatsdepartemente groter werkloosheid sal meebring en uitloop op bloedige verset.

Eskomwerkers het reeds gedreig met stakings en geweld sou die instansie verdeel word, en laaste is blanke boere gereed om weerstand te bied teen die onteiening van hulle grond. Die siening is dat sou blankes gewelddadig hierteen reageer, veral boere oor hul plase, dan wil die ANC-regering wetgewing in plek hê om die situasie sg. “moreel-regverdigbaar te hanteer”.

Daar word gesê dis binne konteks van hierdie voornemens van Ramaphosa dat krygswet waarskynlik afgekondig sal word.

Daar is egter ook ‘n ander rede waarom die kommunistiese ANC-regering sy donkerste tyd in die gesig staar.

Talle myne in Suid-Afrika gaan gesluit word. So het Anglo-America reeds besluit om al sy myne te verkoop, o.a. ook sy New Largo-steenkoolmyn in die Mpumalanga provinsie. Verder het hy ook een van sy pensioenfondse gesluit. Dit raak 2030 pensioenarisse.

Die groot vraag is: wat weet Anglo-America wat ons en die ANC-regime nie weet nie?

## TERWYL DIE BLANKES ONDER MEKAAR BAKLEI...

Terwyl die rigtinglose blankes nog steeds mekaar aan die keel gryp, besig met hul kleinlikhede oor godsdiens – wie is ‘n “Boer” en wie is ‘n “Afrikaner” – en nog steeds verdeel staan tussen die liberale linkse prehistoriese dwalers soos Sloet de Villiers, Max du Preez, Piet Croucamp, Adriaan Basson en Carl Niehaus – en die konserwatiewe regsadviseurs – is miljoene swart ongeletterdes druk besig om vir ‘n volskaalse sosialistiese tsunami klaar te maak. Hulle mobiliseer om die presidentskap met ‘n volslae kommunistiese faksie te vervang. Die *White Nation*-organisasie het lank gelede reeds bewys dat die Britse regering besig is om Malema voor te berei om die toekomstige president van Suid-Afrika te word – vandaar sy talle besoeke aan Brittanje. Na alles, is die EFF geskep uit Britse befondsing – spesifiek afkomstig van en befonds deur Nathan Kirsh – die Swazilandse miljardêr en weldoener van die EFF.

Tussen die ondergrondse intelligensienetwerke van die ANC, CIA, Mossad, die Britsbeheerde “oorlogskamer” van die EFF – en die Ruperts, Rothschild’s en die Watson-broers is ‘n ander slim skyngroep geskep – die sogenaamde “BLF”, ‘n radikale beweging met die skorrie-morrie Andile Mngxitama – (oënskynlik ‘n wegbreek van Malema se EFF) – wat nou as die grootste raasbek van hierdie nuutste faksie barbare optree. Daar is duidelike tekens dat die buitelandse intelligensie-organisasies weer in Suid-Afrika werksaam is – die skepping van “nuwe” politieke organisasies en veral radikale swartes wat skielik ontpop en begin met oorlogskrete. Dit gaan alles om die massa in opstand te bring – gewoonlik teen die huidige bedeling – maar in hierdie geval teen die arme “Jan van Riebeeck” se selfverklaarde “bedreiging”. Die “onteiening van grond” is ook ‘n aas om die massa mee te verlei, emosies op te jaag en ‘n gemeen-

skaplike “vyand” te skep (die wit boer). Dit moet ook dien as afleiding om die aandag weg te lei van die werklike bedreigings: die ineenstorting van Eskom, SAL, die SABC en die ekonomie in sy geheel. Dit alles word gedoen om die huidige politieke omgewing te destabiliseer.

Die sluwe witboordjie-konkelaars het gereken dat dit die beste strategie sou wees om, soos in die verlede, ’n Trojaanse perd die dorp in te sleep wat die niks-vermoedende inwoners sou oorval. Genoeg linkse media dekking sou ook verseker dat die reënboogkuikens se aandag daarop gevestig sal wees sodat hulle nie besef wat die witboordjie-here agter die skerms met die ANC en Malema beplan nie.

Intussen steun die VF Plus-premierskandidaat, Peter Marais, die idee van afskeiding van die Wes-Kaap van die res van die land. Hy sê hy wil hê die Wes-Kaap moet onafhanklik van die res van Suid-Afrika bestuur word. Marais pleit vir selfbeskikking in die Wes-Kaap, want daar is genoeg hulpbronne vir die provinsie om op sy eie bene te staan. Die Wes-Kaapse Grondwet laat die Premier toe om ’n referendum uit te roep, maar geen premier het nog ooit besluit om daardie roete te volg nie.

## DIE VERRADDERLIKE KAAP-KOLONIE

Nog voor die aanvang van die Groot Trek het geswore Kolonialers hulle aan die kant van die vyand geskaar, en om daardie vyand ter wille te wees, is daar op hul eie volksgenote genadeloos jag gemaak. So veel so dat hulle verplig was om huis en haard, goed en bloed agter te laat en die wildernis in te vlug.

Net so is dit vandag weer die verraderlike Kolonialer wat hom skaamteloos aan die kant van die vyand skaar.

Megaboere wat groot wingerde in die Kaapse wynlande en ander kommersiële plase bedryf, het tydens ’n openbare vergadering met Ramaphosa van byna drie uur by die Beyerskloof-wynlandgoed in Stellenbosch hulle vertrou uitgespreek in die leierskap van die ANC-president Cyril Ramaphosa. Sommige het selfs gesê “hy is deur God gekies om te lei”. ANC-figure in die Wes-Kaap het gesê die vergadering het op versoek van die groot produsente onder die voorste handelsmerke soos Kanonkop en Simonsig-wyne en Morgan Beef onder meer plaasgevind.

Aan die begin van die vergadering, wat die vorm van ’n vrae-en-antwoord-sessie gehad het, het die boere hul “innige liefde” vir Ramaphosa verklaar en het selfs die Bybel in hul verklaring van steun aan die ANC-president, aangehaal: “Volgens die Bybel word presidente en konings deur die Here aangestel. Meneer die Voorsitter, jy is ook gesalf. Dawid in die Bybel was eers gesalf en toe is hy aangestel, dan het hy die psalms geskryf. Meneer Ramaphosa, ek weet dat jy psalms vir Suid-Afrika gaan skryf en dit gaan baie psalms wees,” het ’n skaamtelose Beyerskloof-eenaar en programdirekteur, Beyers Truter, gesê. Hy het later aan TimesLIVE gesê hy sal op 8 Mei ook stem vir die ANC. Nog ’n prominente boer, Chris Steenkamp, het ook Ramaphosa lof toegeswaai. “Ons hou van jou, ons vertrou jou en ons respekteer jou,” het hy aan die president gesê.

Die gewese Wes-Kaapse premier Ebrahim Rasool, wat nou die ANC se hoof kiesbeampte in die Wes-Kaap is, het saam met Beyers Truter gestem dat Ramaphosa “gesalf” is om Suid-Afrika te lei.

Maar intussen is die geldmag se voorlopige fases van “regimeverandering” reeds in plek – vakbondgeorkestreerde onluste, anargie, vernietiging van eiendom, wetteloosheid, chaos in die strate – en onbeskaamde oortredings teen die publiek en vreemdelinge (xenofobiese aanvalle) – dis ’n presiese herhaling van wat in Irak en Libië gebeur het om die



*Beyerskloof-landgoed*

huidige regime met 'n ander een te vervang. Ons het ook dieselfde intelligensieprogram teen die vorige wit regering gesien – onlangs is daar 'n reeks bedekte en onwettige projekte deur die Britse Intelligensie, MOSSAD en CIA uitgevoer, die doel was om binnelandse politieke organisasies te monitor, te infiltreer, te diskrediteer en te ontwig.

Nelson Mandela het immers self wapenopleiding van die Israeliese MOSSAD ontvang! Ons sien nou weer dieselfde ontwigtingsprogram. Valse vlag-operasies word nou ook bygebring om die aandag van die publiek weg te keer van die werklike doelwitte – nl. om die “matige” ANC te vervang met 'n meer radikale militante beweging soos die EFF. Die finale stappe na 'n militêre staat is stadig maar seker aan die gang – van 'n vreedsame Botha-regering na 'n meer linkse radikale ANC-terroriste-beweging – na 'n ten volle gemilitariseerde EFF-dinastie – wat insluit al die private leërs met uniforms.

Die wapens is reeds opgegaan en gereed in goed bedekte geheime kuipe vir wanneer die “plan” tot “aksie” sal oorgaan. Dit is dan ook die rede waarom die ANC-regime glad nie teen Malema optree nie. Hulle is deeglik bewus van wat moet gebeur – en het hul instruksies om hom te laat doen soos deur sy Britse hanteerders (soos Robin Renwick) voorgeskryf.

Die hoofdoel van die liberale witboordjie-konkelaars is om totale anargie in Suid-Afrika te skep, die vernietiging van die huidige politieke en sosiale strukture en die aanmoediging van burgerlike ongehoorsaamheid.

Die uitroep van 'n noodtoestand sal dan “onvermydelik” wees wat op sy beurt die aktivering van die militêre magte van die Verenigde Nasies sal “regverdig” om die land te kom red van totale vernietiging en die sogenaamde “demokrasie”.

Deur die Verenigde Nasies sal 'n nuwe “tussentydse” regering aangestel word (een wat die land sal reguleer vir 'n “nuwe” bedeling van die Nuwe Wêreldorde-heerser – soos ons in die Midde-Ooste gesien het waar meer gebruikersvriendelike regimes nou die meeste van die vorige “opstandige” Arabiese nasies beheer – en natuurlik ook die ryk olievelde).

Malema is die “uitverkorene” om daardie “chaos op chaos” in Suid-Afrika te skep met binnelandse onrus, bloedvergieting en onmenslike gruweldade.

Soos in die verlede word swart Afrika uitgebuit as die nuttelose kanonvoer om 'n hoër en sluer agenda te dien. Om hierdie rede moet die blanke Boer ten alle koste ontwapen, verarm, beheer en gestrem word – aangesien hy die enigste pion op die skaakbord van die dood is wat al hierdie netjies beplande agendas van die liberaliste in wanorde kan omskep.

## ZIM DEUR BEURTKRAG GETEISTER

Zimbabwe het op Maandag 13 Mei begin met kragonderbrekings wat gedurende die oggend- en aandpiekperiodes tot agt uur per dag geduur het. Veral die myne is hierdeur nadelig getref. Dit volg nadat ernstige kragtekorte by beide die grootste hi-

drokragaanleg (Hidro Cahora Bassa) en verouderde steenkoolkragstasies ondervind is.

Die Zimbabwiese kragmaatskappy ZETDC het vroeër al gewaarsku hy is gedwing om die kragopwekking by sy hidrokragsstasie by die Karibadam te sny weens lae watervlakke. Die dam op die grens tussen Zimbabwe en Zambië is net 34% vol en kan nie sy volle kragopwekkingsvermoë lewer nie.

Die kragonderbrekings het tot toenemende openbare woede teen president Emmerson Mnangagwa se regering gelei terwyl Zimbabwiërs worstel met 'n hernieude ekonomiese krisis, en der duisende Zimbabwiërs vlug nou daagliks na Suid-Afrika op soek na voedsel en werk.

Suid-Afrika wat daagliks 969 MW per dag teen 'n piekaanvraag van 2 100 MW vervaardig, is besig om sy piek se winterkragseisoen te bereik en sal nie in staat wees om Zimbabwe te help nie. Volgens die energiekenners Ted Blom, kan ons dalk nog vóór middel-winter self weer beurtkrag ondervind.

## KOOS DU PLESSIS SE GETUIENIS

Vyf en dertig jaar gelede, in 1984, was die land aan die brand. In September daardie jaar is 'n aantal noodtoestande afgekondig. Dit was "Swart September eighty four", soos Koos Kombuis later sou sing, "die seisoen wat brand en aanhou brand, 'n lente bleek en dor ..."

Dit voel nou soos 'n leeftyd gelede. Ook in daardie jaar, in die vroeë oggendure van 15 Januarie 1984, het die bekende sanger en liedjieskrywers Koos du Plessis, op die ou Krugersdorppad in Knoppieslaagte verongeluk toe sy Volkswagen Beetle van 'n laagwaterbrug afgery en teen 'n boom gebots het. Sy lyk is eers later die oggend gevind.

Saam met die val van Apartheid in 1994, het ook 'n verval in ons Afrikaanse musiek ingetree. Alternatiewe kunstenaars soos Piet Botha, Bernoldus Niemand, Koos Kombuis en Johannes Kerkerrel het sosiale kommentaar gelewer op Apartheid en Afrikaneridentiteit. Afrikaans het selfs sy eerste heavy metal-liedjie, *Voice of Destruction*, gekry. Groepe soos *Fokofpolisiekar*, *K.O.B.U.S!*, *Insek*, *Straatligkinders Jack Parow*, *Brasse van die Kaap* en *Die Antwoord* het hulle verskyning in die rioolslote gemaak. Dan is daar natuurlik ook SA se "Queen of Rock", Karin Zoid.

In vergelyking met hierdie sangers en groepe was Koos du Plessis uit adel hout gesny en ook sy musiek was van dieselfde adel hout se sap. As persoon was hy nie net beskeie nie, maar ook diep gelowig. Dan het hy 'n innige liefde vir sy taal en medemens gehad.



Juis omdat sy musiek universele gedagtes oproep, kan sy volksgenote hulle daarmee identifiseer. Want anders as die lyfswaaiers se sinnelose gejjil, gevloek en lawaai, vat sy lirieke aan die hart, roep dit gedagtes op van ons eie feilbaarheid, tekortkominge en gebreke.

So is sy aangrypende liedjie *Gebed* se onderliggende tema een van vertwyfeling, van gebrokenheid en van teleurstelling in die “self”.

Koos du Plessis sou vanjaar op 10 Mei 74 jaar oud gewees het. Maar op die jeugdige ouderdom van 39 het hy van ons afskeid geneem. Sy taal- en mensliefde het van hom koerantman gemaak. Hy en ’n goeie vriend, het ’n woonstel in Wolmaransstraat oorkant Joubert Park gedeel — op die rand van Hillbrow en Johannesburg se middestad terwyl hy by *Die Vaderland* werksaam was. Sy “*Sprokie vir ’n Stadskind*” is tydens sy verblyf in die betonoerwoud geskryf.

In 1964, ontmoet hy vir Mornay du Plessis, met wie hy 5 jaar later getroud is.

Agt jaar later kry hy ’n aanstelling by *Die Oggendblad* en laat bou hulle ’n huis in Wierdapark ’n nuwe voorstad van wat toe as Verwoerdburg bekend gestaan het. Hulle het drie dogters, en oor al vier vroue in sy lewe het Koos liedjies geskryf.

’n Deurlopende tema in Koos se lirieke oor sy eie lewe en die mense wat sy lewe gedeel het, is die onvolmaaktheid van verhoudings tussen mense.

Met sy lirieke het die term ‘luisterliedjie’ ontstaan.

Sy trefferlied “*Kinders van die Wind*” is byvoorbeeld reeds in 1968 geskryf — dieselfde jaar wat Leonard Cohen se eerste plaat met sy bekende “*Suzanne*” uitgereik is.

In 1975 het ’n vriend van Koos, Karel Theunissen, ’n kassetopname van Koos se musiek na Nick Taylor van *Incline House*-musiek geneem. Hierdie stap sou betekenisvol wees in die ontwikkeling van Koos se musiekloopbaan, en ’n verbintenis tussen Koos en Nick Taylor en dié se vrou, Birthe, sou uiteindelik lei tot drie langspeelplate en ’n diep vriendskap. Koos het geen formele musiekopleiding gehad nie en kon nie note lees nie.

Toe hy sanglesse by ’n musiekonderwyseres wou neem, is hy weggewys omdat hy geen sangtalent gehad het nie.

In die TV-vervolgverhaal, *Phoenix & Kie*, het Katin-ka Heyns vier van Koos se liedjies gebruik. Sy het “*Kinders van die Wind*” gekies as temaliedjie vir die program, en het drie ander liedjies, “*Sprokie vir ’n Stadskind*”, “*Skielik is jy Vry*” en “*Somer is Verby*” in die reeks ingesluit. Die liedjies vir die program is vertolk deur Laurika Rauch. *Phoenix & Kie* was vir Koos en Laurika ’n groot deurbraak. Kort hierna stel Laurika Rauch ’n solus sewe van “*Kinders van die Wind*” by David Marks en sy Stanyan-platemaatskappy vry. Binne die eerste week na die vrystelling moes die opname twee maal herdruk word. Sewe weke later ontvang Laurika en Koos goue plate vir verkope van meer as 25 000 kopieë van hierdie plaat. In Oktober 1979 haal Laurika Rauch se solus sewe “*Kinders van die Wind*” Springbokradio se Top 20.

In 1980 stel Koos du Plessis sy eerste album, *Skadu’s teen die muur*, met Nick Taylor as produksieleier, vry. Sy ontroerende liedjie *Gebed*, is nie net ’n aangrypende belydenis nie, maar het ook profetiese ondertone:

*Wat ek is, is net genade.*

*Wat ek het, is net geleen.*

*Eintlik smag ek na u waters van rus.*

*Lei my Heer vanaand daarheen.*

Die koets van die dood het hom in die aandure ingehaal Koos du Plessis se bydrae lê dalk juis daarin dat hy gehelp het om ons ore oop te maak vir die oneindige moontlikhede wat die musikaliteit van Afrikaanse woorde en klanke aan ons bied — dat ’n gebroke en siniese wêreld op ’n liriese wyse verwoord en verklank kan word. En só ’n nalatenskap hoort eintlik nêrens nie, juis omdat dit so universeel word.



Koos se jongste dogter Karla du Plessis, sing self ook. Sy is vandag een van die bekendste sangeresse en liedjieskrywers van die Afrikaanse musiekbedryf.

Op haar eerste twee albums sing sy liedjies van haar pa. Op die album “*Woordeloos*” sing sy saam met haar pa “*As jy my kon volg*” (’n liedjie wat haar pa oor haar geskryf het) waar die stemme digitaal saamgestel is.

Vir haar derde album “*Steeds op vrye voet*” is sy bekroon as die beste album deur ’n sangeres. (Gebaseer op ’n artikel deur *LitNet*: 2 Maart 2004).

## ‘N STEM TEEN ABORSIE

Aborsies het die afgelope twee jaar skrikwekkende afmetings aangeneem. Ons het gruwelverhale gehoor wat ’n mens nie eens in druk wil plaas nie. En nou het daar een stem van 1 staat uit 50 state in Amerika opgegaan en word daar iets aan die situasie gedoen.

Die goewerneur van Alabama, Kay Ivey, het op 15 Mei 2019 ’n nuwe wet onderteken wat die ergste anti-aborsie beperkinge tot nog toe instel. Die Wet word genoem die “Mense Lewe Beskermings Wet” (House Bill 314). Dit verban alle aborsies in die staat van Alabama behalwe waar aborsie nodig is om die ma se lewe te red of waar ernstige gesondheidsrisiko vir die ma teenwoordig is. Die Wet kriminaliseer die prosedure en herklassifiseer aborsie as ’n Klas A misdaad. Dit is strafbaar met tussen 10 tot 99 jaar tronkstraf vir dokters. Poging tot aborsie sal hergeklassifiseer word as ’n Klas C oortreding.

Dit verban selfs slagoffers van verkragting en bloeds-kande en sal die prosedure slegs toelaat as die ma se lewe in gevaar verkeer. Daar sal egter geen kriminele klag gelê word teen ’n persoon wat die prosedure

ondergaan nie.

## GENIALE VERRAAD OF POLITIEKE SKELMS

Kort na die stigting van die linkse **Afrikaner Volksunie** (AVU) onder leiding van die volksverraaier Andries Beyers, word Genl. Viljoen op onverklaarbare wyse die “militêre adviseur” van die party wat toe reeds as “dood gebore” bestempel was.

Sy gade verklaar tydens die stigtingsvergadering van **Aksie Vrouekrag**: “Ek weet nie wat my man by die **Volksfront** soek nie, want polities het ons niks in gemeen met die regsies nie”.

Constand Viljoen se verbintnisse met die **Afrikaner Broederbond**, asook sy vriende in die **Vrymesselary** het die wenkbroue laat lig. Die Vrymesselaars het verklaar “Noudat PW Botha vir genl. Viljoen aangestel het as hoof van die Weermag, is ons in beheer van sake...”

Constand Viljoen; onder leiding van sy geesgenoot, Genl. Tienie Groenewald, reël in 1990 met FW de Klerk om die sogenaamde regse politiek binne te dring en hulle te lei tot verdeeldheid. Constand Viljoen begin sy aktiewe verraad deur militêre

beplanning binne die **Afrikaner Volksfront** (AVF), saam met ander generaals soos Tienie Groenewald wat steeds tot hierdie dag verbintnisse het met Militêre- en Nasionale Intelligensie. Hy was behulpzaam met die skryf van FW de Klerk se berugte toespraak - Februarie 1990.

Hy dring die **Boere Krisis Aksie** (BKA) binne, versamel die name van die top leiers in die BKA en verskaf dit aan Tienie Groenewald om aan Nasionale Intelligensie (NI) bekend te maak. NI stuur ’n inligtingsdoku-

ment (genommer 9361092MG) aan die hoof van NI wat weer opdrag gee om verdere name van BKA lede te identifiseer. 'n Groot aantal NI agente word afgesonder vir hierdie doel om BKA binne te dring en te moniteer.

Constand Viljoen gaan in Desember 1993 'n ooreenkoms aan met Nelson Mandela wat onder meer insluit dat hy "belangrike take vir die Regering van Nasionale Eenheid" moet verrig na 27 April 1994. Een voorwaarde bly egter dat by moes toesien dat die Boere nie oorgaan tot geweld nie. Hierdie onderneeming gee Viljoen ook aan FW de Klerk.

Hierna hou hy 'n geheime vergadering te Winburg waarin hy versoek dat die **Boere Krisis Aksie (BKA)** gereed moes maak vir militêre oorname. Kort hierna volg die oproep om na Bophuthatswana op te ruk, maar wapens en toerusting sou nie nodig wees nie "want julle sal daar met toerusting uitgereik word".



Viljoen se optrede tydens die operasie veroorsaak verdeeldheid tussen SKA en AWB lede en hy het on-

derhandelinge met die ANC/NP alliansie wat uiteindelik lei tot die onttrekking van AWB en SKA magte. Viljoen staan vandag bekend as uitverkoper omdat hy BKA lede ongewapen ingestuur het in 'n gebied wat gehuiwer het op die rand van rewolusie.

Op 29 Januarie 1994 probeer hy die KP, AWB en AV lede swaai om aan die verkiesing van 27 April deel te neem. Hy word heftig teengestaan deur die skare.

Dit is algemeen bekend dat Constand Viljoen niks gedoen het om die beplanning van 'n militêre oorname te bevorder nie, behalwe om die SKA lede deurlopend te mislei. Hy kom met F W de Klerk ooreen dat hy later 'n verklaring sou uitreik "waarin die feite gestel word dat V1 oorname nie moontlik was nie omdat die BKA magte nie goed genoeg georganiseer was nie".

Tydens AVF vergaderings probeer hy op slinkse wyse die vergadering oorhaal tot deelname aan die verkiesing. Hy slaag daarin om die verdeeldheid te skep deur lede soos Dries Bruwer en andere op sleeptou te neem. Dit is opvallend dat diegene wat wou deelneem, feitlik almal om finansiële redes saam met hom op die nuwe pad begin loop het.

Hy verseker die AVF herhaalde kere dat hy nie op eie stoom die verkiesing sou ingaan nie, terwyl hy toe reeds 'n tjek ontvang het (uit linkse oord) om as politieke party te registreer. Na afloop van die vergadering begin Viljoen sy verraad deur die AVF kantoor te gebruik om kandidate vir die verkiesing te werf.

Daardie selfde aand, kort voor sluitingstyd, registreer hy die **Vryheidsfront** as politieke party met die verskoning "om alle moontlike opsies oop te hou".

Viljoen was nooit lid van enige regse politieke party nie. Sy toetrede as "raadgewer" en beplanner van militêre opsies het nooit aandag gekry nie. Hy het letterlik op die voorgrond getree as die "regse leier" en die media betree met politieke verklarings

wat uitgereik word namens die AVF. Die boodskap is deur Tienie Groenewald deurgegee aan o.a. die SAUK om Viljoen op die voorgrond te plaas terwyl ander regse leiers soos Hartzenberg en Jaap Marais totaal geïgnoreer was.

Viljoen het van die media gebruik gemaak om “nader te beweeg aan die NP” deur omstrede uitlatings te maak soos bv. “nie-rassige demokrasie” te bevorder en “volkstaat sonder rassisme” as hoekstene vir toekomstige Afrikanervryheid te propageer.

Viljoen het alles in die stryd gewerp om onderhandelings tussen die ENC en KP/AVF/AWB te bewerkstellig. Toe hy nie daarin slaag nie, word Tienie Groenewald versoek om ‘n strategie uit te werk. Die geskiedenis vertel die verhaal.

Viljoen se volgende skuif het bekend geword uit ‘n lêer wat gekopiëer is by NI kantore waaruit dit duidelik geword het dat die volgende stappe oorweging geniet het nadat die Regering van Nasionale Eenheid die finale voorstelle van die **Vryheidsfront** oorweeg het, en dit het met groot publisiteit gepaard gegaan.

Hierna sou die **Vryheidsfront** begin om hul eerste kongres (stigtingskongres) te hou en sou “Afrikaner vryheid binne ‘n volkstaat” hoog opgegee word.

Die derde fase was een van onderhandel en nuwe verslae opstel vir ‘n volkstaat om daarmee die kiesers te monster vir die plaaslike owerhede se verkiesing wat sou plaasvind aan die einde van 1995.

Hierna het die **Vryheidsfront** ‘n nuwe faset betree indien die plaaslike verkiesings nie gunstig sou verloop nie, sou daar sogenaamde eenheid onder Afrikaners bepleit word. Die *Rapportryers*, die nuwe *Afrikaner Bond* (AB) en *Ruiterwag* sou van NP-kant uitsprake maak terwyl die *Vryheidsfront* met uitgewerkte strategie die regse Afrikaners sou betrek.

Pogings sou aangewend word om bv. die *Afrikaner Kultuurbond*, die *Verkenners* en ander behoudende kultuur organisasies te betrek by gesprekke en onderhandelinge met die destydse President van SA. Hierdie optrede sou tot groot hoogtes gelei word in 1998 om daarmee gereed te maak vir die Algemene Verkiesing van 1999.

Kort voor die algemene verkiesing sou die NP en die **Vryheidsfront** uitsprake maak wat (afhangende die kiesers se houding en die steun onder blankes tussen die twee partye) minstens sou lei tot samewerking tussen NP en VF. Beide partye sou die volgende optredes aanvoer dat:

- Afrikanereenheid op kulturele gebied moes beskerm bly
- Afrikaner verdeeldheid gestop moes word
- Die Afrikaner se kundigheid moes behoue bly vir die ekonomie en die landbou
- Die Afrikaner moes sy onderwys en werkloosheid aanspreek
- Afrikanersentimente sou voorrang geniet.

In die maande daarna sou verraad verder toeneem. Nie net die NP en AB en *Ruiterwag* sou hiervoor ingespan word nie, maar ook sou die verdeeldheid wat met die koms van die **Vryheidsfront** bewerkstellig is, aangewend word om nuwe dimensie te gee aan die begrip van Nasionale Eenheid. Sterk pogings was toe reeds toegepas om organisasies soos die *Oranjewerkers*, SABRA, AFSTIG en ander te verdeel of totaal oor te neem deur Constand Viljoen se medewerkers. Hierdie volgehoue pogings om Afrikaners te verdeel, was ook die werkwyse om hulle later te “herenig” onder die vaandel van die **Vryheidsfront** wat in daardie stadium kreppeer het.



As mens hierdie stuk lees, besef jy dat juis die verdeeldheid onder die blanke Afrikaanssprekendes maak dat hulle nie heeltemal in die slagyster kon trap nie. Ons is agterdogtig en eiesinnig en dalk is dit juis daardie eienskappe wat ons redding tot nou toe was. As dit nie so was nie, sou ons lankal reeds die nuwe swart regering aanvaar het en maar Gods water oor Gods akker laat loop het.

## VERWOERD SE MENING OOR DIE SWARTES

---

‘n Aanhaling uit Dr. HF Verwoerd se toespraak met die vyfjarige herdenking van Republiekwording in 1966. “Wat die Bantoe betref, sou dit vir hulle reg wees om die dominerende groep te word, maar in die verloop van daardie proses hulle onderskeie nasionale identiteite en dalk ook hulle tale en gebruike te verloor en te ly omdat hulle nie daartoe in staat is om, soos wat ons weet die geval is, die vlak van Westerse Beskawing wat hierdie land reeds bereik het in die vorm van industrialisasie en meer, te bestuur en te ontwikkel nie.

“Sal dit voordelig of reg wees as hulle massas in ag geneem word? Die enkeles wat mag bekom, mag tevrede wees, maar hulle mag ook verkwis-ters wees vir al wat ons weet. Die massas sal tot ‘n groot mate werkloos raak en in groot moeilikheid beland soos wat ons elders in Afrika gesien het. Sal dit moreel reg wees om die voorkoms van vryheid te skep, maar inderwaarheid lewensomstadighede veroorsaak soos in slawerny?”



## INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

### BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

### INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

### ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

### BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655 | Tel: 028 551 2516 | Faks: 086-270 6347

Navrae: [info@vaandel.co.za](mailto:info@vaandel.co.za)